



Die Rietfluit



Rietfluit familiebrief

Februarie 2008

Getuienisjaar

2008

Kom ons reik uit na mekaar!!

Verhoudings vra veel meer as om net informasie met mekaar uit te ruil. Stefan Bouwer vertel die volgende: "Nou die dag moes ek met 'n kerkraad 'n strategiese beplanning doen. Toe kom ek agter dat 'n paar mense wat meer as tien jaar op dieselfde kerkraad dien, steeds net 'n paar brokkies informasie oor mekaar ken, maar niks meer as dit nie. Hulle is eintlik steeds volslae vreemdelinge vir mekaar wat bloot net saam vergader!".

Verhoudings is nie maar net om die antwoorde te ken op vrae soos watter werk iemand anders doen; hoeveel kinders hulle het, of waar hulle elke jaar vakansie hou nie. *Dis informasie.* Echte verhoudings is om 'n stukkie lewe met iemand anders te deel. Nee, dis om jouself te deel. Echte verhoudings gebeur wanneer jy en iemand anders dieselfde hartklop begin deel. Dis uitstrek en uitreik en getuig!!

Verhoudings vra dat jy 'n steunpilaar vir iemand anders is. Dit vra tyd, opofferings en eerlikheid. Ook dat jy gereeld vir jou vriende bid. Echte verhoudings vra altyd baie van jouself. Daarom moet jy die prys van vriendskap goed bereken, want jy sit jou lewe op die spel vir jou viende. Vra vir Jesus!

Kom ons maak ons getuienisjaar ook 'n vriende-uitreik jaar na mekaar en vir mekaar!!

Gebed:

Here maak my 'n getuienis-uitreik mens wat meer as net verbygaan en groet!!

Onthou asb die Jeug se Wenslys:

Ketel, Radio, Klein Yskas (Bar fridge).
Pooltafel, Fooball (sokker) tafel.
Banke (2 or 3 seaters).
Aansteekborde. Louis Scheepers -078 258 5092
or 012 333 8818.

Basis-Beloftes vir 2008

Maak vir die Here 'n pad
....dan sal die mag van die
Here geopenbaar word
(Jes 40:3,5)

Moenie bang wees
nie Ek is by jou;
Moenie bekommerd
wees nie, Ek is jou
God (Jes 41:10)

*Ek maak jou 'n
skerp dorsslee...jy
sal berge dors
fynmaal (Jes 41:15)*

*Ek sal my Gees
uitgiet...Die een sal
sê: ek behoort aan
die Here...die ander
sal op sy hand
skryf: Die Here S'n
(Jes 44:3-5)*

Gaan in die krag van die Gees oorwinnend 2008 verder tegemoet!
Ds Leon van Heerden

Diens van Barmhartigheid

Kom deel in ons omgee-liefde in 2008 en raak betrokke
by een van die komitees : *Ons gee om vir almal!!*

Brood vir Nood

Ds Leon v Heerden – 012 331 3023
Anna du Piesanie – 012 331 2293

Siekessorg

Pierre Malan – 012 330 3119

Huis Jana

Pepè v/d Westhuizen – 012 -331 1449

Begrafnisbediening

Esther Meere – 012 331 2045


Huis 4 Jakaranda Kinderhuis

Allan Prentice – 012 330 3246 of
Susan Plaisier – 012 331 4527

Werksklas

Afke Hepkema – 012 330 1400





Die werkernersklas bestaan uit helpers en leerders. Ons gretige helpers is: Marie Oosthuizen, Jeanette de Beer en Afke Hepkema. Ons noem hulle helpers aangesien hul nie formele naaldwerkinstrukteurs is nie.

Ons verwys na "leerders" as enige persoon wat hulp met basiese handewerk wil hê, soos bv die maak van bloese, rompe, slope, verstelwerk, 'n lappieskombers, hekel en briewerk ens. Ons het materiaal en die werksmasjiene word voorsien.

Het jy nie lus om op 'n Donderdagmiddag by ons te kom inskakel nie. Ons kan saam artikels soos lappieskomberse maak wat ten bate van die CMR verkoop kan word. Ons het verlede jaar rokkies vir minderbevoordegte dogtertjies gemaak.

'n Jaarlikse fooi van R25 is betaalbaar.

Ons sien uit om jou in ons midde te verwelkom.


Vriendelike groete
Afke Hepkema

Vrugdra in 2008!!

Skakel in by die Vrouebediening se bedrywighede!!
Skakel Brenda Barnard
082 494 7835



Welkom nuwe intrekkers



Boet & Martie Bosch



Barend van der Westhuizen &
Carina Brits



Cobus, Talita & Francois Fourie



Frieda
Louw



Tessa, Timonè & Gean Koortzen